DEEL 118 | WEEK 36 | 4 SEPTEMBER 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Heilbron talent neem die verhoog oor

As daar een ding is wat Hoërskool Heilbron se revue vanjaar bewys het, is dit dat dié skool beslis nie 'n tekort aan talent het nie!

Na maande se oefen, sweet en sekerlik ook 'n paar "nog een keer van voor af"-oomblikke, was "The Greatest Show" uiteindelik op die planke – en die Heilbron-leerlinge het gewys hulle kan hul eie teen enige Broadway-ster staande hou.

Die drie aande was gevul met vuurwarm danspassies, humor, energie en 'n hele klomp Heilbron-trots. Van die eerste treë op die verhoog was dit duidelik dat die kinders elke oomblik geniet. Die opgewondenheid op hul gesigte was onmiskenbaar, terwyl ouers in die gehoor hul kinders met trots toegejuig en aangehits het.

Die danspassies het behoorlik gewys dat talent nie net in een vorm kom nie. Selfs die eerstespan-rugbyspelers het die geleentheid gekry om hul innerlike hip-hop-danser los te laat – terwyl die Graad R's gewys het dat jy nooit te klein is om die verhoog te geniet nie.

En natuurlik sou dit nie 'n Heilbron-revue wees sonder dat die onderwysers ook hul deel doen nie. Die onnies het vanjaar hul eie dansskoene aangetrek en selfs die gewilde SpongeBob Movie-danspassies aangedurf. Dit was duidelik dat hulle net so lekker saam met die kinders gekuier het.

Die Gala-aand het die revue tot 'n behoorlike glansaand verhef.
Die Graad 1's het die harte van die gehoor gewen en is as die *People's Choice* aangewys. Soos wat elke twee jaar gebeur, het die Gala-aand gesorg vir 'n ekstra bietjie spesiale geleentheid – en vanjaar het dit beslis nie teleurgestel nie.

Maar agter al die glans en vermaak is daar ook 'n belangrike doel. Die revue het oor die drie aande meer as R200 000 vir die skool se fondse ingesamel.

Volgens die beheerliggaam sal die geld gebruik word om die skool se infrastruktuur verder te verbeter en te verseker dat Hoërskool Heilbron 'n skool bly waarop kinders, ouers en onderwysers trots kan wees. Van die projekte op die lys is die opknapping van die pawiljoen asook die vervanging van geute.

Die beheerliggaam het reeds van vorige fondse gebruik gemaak om onder meer 'n nuwe klankstelsel en rookmasjien aan te koop – toerusting wat vanjaar 'n groot rol in die suksesvolle aanbieding van die revue gespeel het.

Met kinders wat hul harte op die verhoog uitgedans het, ouers wat luidkeels ondersteun het en onderwysers wat gewys het hulle kan ook 'n danspassie baasraak, was "The Greatest Show" beslis 'n vertoning om te onthou.






# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum



## Wanneer die dorp weer begin blom

• *Elmarie Els-Hammann*

Daar is iets besonders aan lente in 'n klein dorpie. Dit gebeur amper ongemerk. Eers sien jy net hier en daar 'n enkele bloeisel aan 'n boom. Dan begin die strate stadig kleur kry, die tuine lyk vroliker en die son bly 'n bietjie langer in die lug. Skielik besef jy: die winter is verby. In 'n dorp waar mense mekaar ken, groet en dikwels weet wie se kind waar skoolgaan, bring die lente 'n besondere gevoel van saamwees. Jy sien mense weer buite. Kinders speel langer in die strate, bure staan oor die draad en gesels en iemand is altyd bereid om vir iemand anders 'n hand by te sit. Miskien is dit juis daarom dat lentebloeisels so 'n groot effek op ons het. Ons hoef nie noodwendig iets daaruit te sê nie. Ons kyk net daarna – en vir 'n oomblik voel die wêreld 'n bietjie mooier.

Die sagte kleure van die bloeisels, die vars lug en die gevoel van nuwe lewe kan iets in 'n mens wakker maak. Dit gee jou 'n rede om buite te gaan, om jou kop op te lig en weer raak te sien wat rondom jou gebeur. En miskien het ons dit meer nodig as wat ons besef. Ons almal dra iets saam. Sommige mense dra bekommernisse oor geld, ander oor hul kinders, hul werk, hul gesondheid of 'n verhouding. Party mense glimlag breed wanneer hulle jou in die winkel raakloop, maar jy weet nie wat hulle daardie oggend by die huis moes hanteer nie.


Daarom is dit belangrik om die klein mooi dinge raak te sien.

'n Boom vol bloeisels langs die pad.
'n Ouer persoon wat rustig in die oggendson sit.
Kinders wat lag en speel.
'n Buurman wat jou help sonder dat jy vra.
'n Vriend wat net vinnig bel om te hoor of dit goed gaan.
Dit is die klein dinge wat 'n gemeenskap 'n gemeenskap maak.

Lente herinner ons dat verandering nie altyd dramaties hoef te wees nie. Soms begin dit klein. Net soos 'n boom wat na 'n lang winter eers een blom dra, kan 'n mens ook stadig weer begin.

Een goeie dag. Een glimlag. Een gesprek. Een nuwe poging. Een bietjie hoop.

Wanneer ek hierdie tyd van die jaar deur ons dorp ry en die bloeisels sien, dink ek dikwels hoe wonderlik dit is dat die natuur elke jaar vir ons dieselfde boodskap gee: moenie opgee nie. Die winter het sy plek gehad, maar hy kry nie die laaste sê nie. Daar kom altyd weer 'n lente. So, hierdie lente, kyk 'n bietjie stadiger wanneer jy deur die dorp ry. Kyk na die bome. Kyk na die tuine. Kyk na die mense rondom jou. En as jy iemand sien wat dalk deur 'n moeilike seisoen gaan, wees vir hulle 'n bietjie lente. 'n Vriendelike woord. 'n Glimlag. 'n Bietjie geduld. 'n Helpende hand. Want net soos een klein bloeisel 'n hele boom se voorkoms kan verander, kan een klein daad van goedhartigheid 'n groot verskil in iemand se dag maak. Mag ons dorp hierdie lente nie net met blomme blom nie, maar ook met hoop, vriendelikheid en omgee vir mekaar.




My eerste herinnering van kommunikasie was 'n swart telefoon. Daardie telefoon met die slinger. Jy het dit lank gedraai om die sentrale in die hande te kry. Wanneer jy klaar gepraat het, het jy die slinger net so een draaitjie gegee. Dit was om die ander mense op die plaaslyn te laat weet dat die lyn beskikbaar was. Jy het dan afgelui.

Doerie jare moes ons 'n oproep bespreek het om met iemand in 'n ander dorp te praat. Hulle het dit "hooflynoproepe" genoem. Jy moes die sentrale bel en dan vir hulle die nommer gee wat jy wil bel. Jy moes dan die foon aan jou kant neersit. Die sentrale het jou gebel wanneer die oproep gemaak is en iets soos "jy gaan deur" gesê.

Jy kon ook natuurlik ander oproepe op jou plaaslyn afluister. Baie keer het die tannie aan die ander kant die afluisteraar se agtergrondklanke herken, en sommer so in haar gesprek gesê: "Bets! Klim af van die lyn af." Bets sou dan, te laat, agterkom dat haar ganse of eende haar verraai het.

Ons plaaslyn was drie kortes en 'n lange. Die nommer was 5831. Ek kon eers later in my lewe die konneksie tussen die kort en lang luie en die laaste twee nommers van die telefoonnommer maak.

Ja, ek is 'n stadige leerder.

Toe was daar outomatiese fone. Jy kon vanaf jou eie foon ander mense bel deur bloot die nommer op 'n ronde skakel te draai. Daarna was daar drukknoppie fone.

Intussen het faksmasjiene hulle buiging gemaak. Sommige faksmasjiene het met hitte gewerk. Ek het dit te laat agtergekom. (Ek sê mos ek is 'n stadige leerder).

'n Dierkunde prof het op 'n dag vir my aantekeninge geleen. Dit het direk uit 'n faksmasjien gekom. Ek het hierdie dokument in my tas gebêre en toe ek by die koshuis kom, het die paar bladsye verkreukel onder in my tas gelê. Ek het blitsvinnig die strykyster ingespan om die gekreukelde stuk papier plat te stryk. Daar het 'n *groteske*, swart strykysterafdruk agtergebly. Ek kan tot vandag toe nie onthou watter verskoning ek aangevoer het oor die *opgefoeterde* stuk papier nie.

In my derde jaar as onderwyser het ek my eerste Nokia selfoon gekry. Met sy kenmerkende deuntjie. Almal se telefone het so gelui. Die deuntjie is 'n frase uit Gran Vals, 'n kitaarsolo gekomponeer deur Francisco Tarrega. Almal se telefone was kliphard gestel, want ons wou tog so graag spog met ons nuwe fone. Ai, maar die mens is ydel.

Daarna kom die internet. Ons het nog van 'n *dial up modem* gebruik gemaak. Dit het sulke mooi geluide gemaak wanneer die boksie jou met die res van die buitewêreld in verbinding gebring het.

En van daar af was ons orals en altyd beskikbaar. Ek bewaak my selfoonnommer soos 'n jaloerse minnaar. By my werk is daar seker net twee kliënte wat my nommer het, want ek wil werk by die werk en ontspan by die huis.

Net nadat ons gewoond geraak het aan WhatsApp is daar ander platforms soos Facebook, Instagram, TikTok en Snapchat, om net 'n paar te noem.

Wat sosiale media aanbetref het ek net een profiel: Facebook. Ek het altyd gegrap dat ek 'n regte werk het, daarom het ek nie ander sosiale mediaprofiele nie. Ek het ook verlede week daaroor besin om my Facebook profiel toe te maak. Ek dink ons mense maak onsself onnodig oop vir kritiek en slegsê op sosiale media.

Daar is keyboard warriors wat agter geslote profiele skuil en vieslike kommentare lewer. Ander doen dit oop en bloot: hulle gebruik die vreeslikste taal. Woorde waaraan ek nog nooit eers gedink het om te gebruik nie. As iemand hulle durf teregwys oor die taalgebruik, haal hulle diep asem en kom met 'n nuwe string vloekwoorde en beledigings.

Ons hoef nie daardie mense se asblikke te wees nie.

Ons was gister en vandag in 'n ander dorp vir 'n vergadering. Gisteraand skakel ek my foon af sodat die ding kan *re-boot*. Met die aansitslag het ek die PIN vergeet. En daar sluit ek my eie foon. Almal slaap. Daar is nie 'n ander telefoon waarmee ek my PUK kode kan kry nie. Ek kan nie sosiale media lees voordat ek gaan slaap nie. Ek kan nie die koerant lees nie. Ek kan nie vir iemand 'n boodskap stuur nie. Ek kan nie eers die alarm vir vanoggend stel nie, want my telefoon wil nie oop nie. Ek probeer toe slaap.

Ek word 'n paar keer deur die nag wakker om te kyk hoe laat dit is, ek is so bang ek verslaap. Ek kon vanoggend 'n ander telefoon opspoor om my PUK te kry.

Ek het hierdie week geleer dat ons nie die hele tyd byderhand hoef te wees nie. Ek hoef nie elke oomblik van die dag beskikbaar te wees nie, want toe ek my telefoon vanoggend aansit, is daar geen nuwe boodskappe op nie. Niks het vergaan nie, die wêreld staan nog.

Maar ek het verfris gevoel. Ek kon (probeer) om rustig aan die slaap te raak, alhoewel ek angstig was oor die alarm.

Ons hoef ook nie elke oomblik van die dag almal te volg nie. Ons kan daarsonder oorleef.

Ek het vanoggend net na vieruur wakker geword en toe maar opgestaan en iets gedoen. Ek kan vanmiddag die moeg aan my lyf voel, maar dit was nodig.

Ek het ook hierdie week geleer dat jy jou PUK nommer iewers moet hê, vir ingeval.

Ek dink steeds ernstig oor Facebook. Ongelukkig is ek van nature baie nuuskierig. Dalk moet ek maar net 'n mate van selfbeheersing hê. Ek het regtig nie nodig om elke liewe pos te lees nie.

Sela.

## Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag, 29 Augustus 2026 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Noupoort gevlieg en die duiwe is om 07:10 gelos en die wenduif is om 13:37 geklok op Reitz. Die afstand wat die wenduif gevlieg het was 502 kilometers. 8 Lede en 335 duiwe het deelgeneem.

1. Wolmarans & Swart B
2. Spartan Pigeons 2
3. Spartan Pigeons 2
4. Spartan Pigeons 2
5. Spartan Pigeons 3
6. Spartan Pigeons 3
7. Spartan Pigeons 3
8. Spartan Pigeons 2
9. Du Plessis Hokke
10. Wolmarans & Swart B



*Op die foto van links na regs is Fritz Wolmarans en Nollie Swart van Wolmarans & Swart B met die wenduif nommer 428.*

## Heilbron Posduif Klub

Op Saterdag, 29 Augustus 2026 het Heilbron Posduif Klub goed gedoen in die Oerf Federasie, wat die grootste organisasie in die Vrystaat, Gauteng is. Die week se Oerf uitslae tussen 1142 duiwe.

**Gariep Open 1:**

1. Zenith Lofts
2. Zenith Lofts
3. Zenith Lofts
4. OJ Lofts C
5. OJ Lofts C
6. Zenith Lofts
7. Zenith Lofts B
8. Zenith Lofts
9. OJ Lofts
10. OJ Lofts A2



**Gariep Open 2:**

1. DV Roux
2. Zenith Lofts B
3. Zenith Lofts
4. OJ Lofts
5. Zenith Lofts
6. Zenith Lofts
7. R&R Lofts
8. Drikus Odendaal Fleck
9. Zenith Lofts
10. Jaco & Danie B

# Heilbron Huis- & Tuinbouklub

## *Van tuin tot Tafel*

Die Heilbron Huis- & Tuinbouklub se jongste vergadering in Augustus het gefokus op kompos, organiese tuinmaak en die inlê van vrugte en groente.

Joanita Claasen (Tuinbou-bestuurslid) het die vergadering afgeskop met 'n aanbieding oor kompos. Sy het verduidelik dat kompos as "lewende kos" vir die tuin beskou kan word en 'n belangrike rol speel in die verbetering van grondstruktuur, vogbehoud en vrugbaarheid.

Sy het beklemtoon dat 'n goeie komposhoop 'n balans van "groen" materiaal, soos grassnysels, groente- en vrugteskille, en "bruin" materiaal, soos droë blare, karton en takkies, benodig. Genoeg suurstof en vog is ook noodsaaklik, maar genoeg suurstof hou die proses aëroob wat vinnige afbreek en 'n aangename, aardse reuk bevorder terwyl 'n hoop wat te nat is, suurstof verloor en kan begin stink. 'n Praktiese riglyn is ongeveer twee dele bruin materiaal tot een groen deel.

Die hoop moet in die eerste paar weke ongeveer elke 5-7 dae gedraai word om suurstof in te bring daarna kan dit elke twee weke gedoen word. Joanita sê: "Riemland-wenk: Omdat ons klimaat droog kan wees, hou die komposhoop bedek en uit direkte son. Hou dit klam, maar nie te nat nie"

Tony Bensusan, spreker en hooftuinier van Victoria Yards in Lorentzville, het daarna oor organiese tuinmaak gesels. Hy het die belangrikheid van gesonde, lewende grond beklemtoon en verduidelik hoe mikro-organismes, bakterieë en swamme 'n belangrike rol in plantgesondheid speel.

Verskeie natuurlike maniere om die grond te verbeter is bespreek, waaronder kompos, wurmkompos, Bokashi, kompostee, deklaag en groenbemesting. Hy het ook opgevolg tot Joanita se toespraak en genoem dat kompos die tuinier se goud is. Bensusan het ook die belangrikheid van die regte plant op die regte plek en tyd, asook wisselbou en natuurlike plaagbeheer, uitgelig.

Sy praktiese raad was dat tuiniers gereeld deur hul tuine moet stap om probleme vroeg raak te sien. Hy het ook die vreugde beklemtoon van vars produkte wat direk uit die eie tuin op die bord beland.

Die vergadering is afgesluit deur Elize Breytenbach van die Ons Kombuis-produkte, wat waardevolle wenke oor die inlê van vrugte en groente gedeel het. Sy het onder meer beklemtoon dat bottels deeglik skoon moet wees en dat proppe en deksels vooraf in kookwater geplaas moet word en dat wanneer die bottels geseël word, moet die prop steeds warm wees om die seël te verseker.

Sy het ook verduidelik dat te veel suiker tot sandsuiker by vrugte kan lei. Suurlemoensap kan by nastergal en appelliefies gebruik word om dit te voorkom, terwyl 'n klein bietjie asyn by appels kan help om hul mooi kleur te behou.

Die vergadering het lede met praktiese kennis en vars idees toegerus – van die grond waarin plante groei tot die produkte wat uiteindelik op die kombuistafel beland.



*Op die foto vl: Marlize Naudé, Zeldine Roos (Tuinbou-bestuurslid), Henda van Eeden, Tony Bensusan (Spreker) en Joanita Claasen (Tuinbou-bestuurslid).*



*Op die foto: Elize Breytenbach*

# Wesdan Boerdery behaal weer 'n plek by Lamb Champs

Wesdan Boerdery het die afgelope naweek weer hul staal gewys by Lamb Champs Bloemfontein 2026, waar Danie Hattingh en die span 'n uitstekende sesde plek behaal het.

Die kompetisie was sterk, met 61 boere wat die stryd aangesê het om onder die beste lamsvleisprodusente in die Vrystaat uit te blink. Waarvan daar 'n Top 12 aangekondig is. Wesdan Boerdery se sesde plek is 'n besonderse prestasie en volg nadat Hattingh voorheen ook 'n indrukwekkende vierde plek by Lamb Champs Pretoria behaal het.

"Ons is baie dankbaar dat ons wéér 'n plek by Lamb Champs behaal het. Hierdie keer het ons sesde geëindig in Bloemfontein."

Wesdan Boerdery se 6de plek is net weer 'n bewys dat hulle 'n naam is om dop te hou wanneer dit by gehalte-lamsvleis kom en dat Louise Dohne Merinostoet verseker lekker lamsvleis het.



*Op die foto vl: Danie en Marise Hattingh.*




# Vat 'n trek van my twak!

## *Heilbron – Dorp van die jaar*

Dit is heerlike lente, die winter's verby, weer nooi berg en klowe vir jou en vir my!

1 September word amptelik beskou as die begin van lente en oral was/is daar goeie wense en feesvierings. Onthou nog toe ons skole die leerlinge toestemming gegee het om die dag gewone klere te dra! Oral het die gemoed van die inwoners "geblom". Dalk het mammie die dag 'n roos ontvang van liefdevolle pappie?

Volgens die seisoen se indelings val die nagewening (ekwinoks of soos die engelse spel equinox) nou op 23 September. Dit is wanneer die wintersdae getel is en lente equinox in aanvang neem.

Hoe dit ookal sy die sterre skyn saans baie helder – die helderste is seker die aandster wat in die weste sy "liggie brand". En dan is die maan ook daar om op sy tyd die reisigers te lok. Sien nou die dag het Elon Musk se ruimteafval op die maan stof opgeskop – eintlik gebots en dit is nie sigbaar nie. Soos 'n druppel in die oseaan! Die ruimte is so vol afval dat Musk nou 'n nuwe ashoop gekry het.



Toe ons nog kinderklere gedra het (dalk nou nog) het ons altyd gesê jy kan na 'n verskietende ster kyk en jou wens maak! En jou wens sal waar word!

Hierdie week se wens sou Heilbronners graag gekroon wou word met die dorp van die jaar toekenning? Ons is/was dan die vooruitstrewendse dorp in die hele Vrystaatse platteland. Ons het die toekenning gehad as ekonomiese groeipunt en talle nywerhede is ondersteun deur regering om hul hier te vestig?

As jy na 32 jaar wakker word, sou jy nie kon glo in watter sprokiesland jy jou nou bevind nie!

Waar is al die netjiese sypaadjies, mooi geverfde sakepersele, parke, teerpaaie, kennisgewingborde, Eeufeesdam geboue en omheining? Daar is darem beeste wat die sypaadjies kort hou en tuine bemes!

Die sterrewens laat jou verlang na Cliff Edwards se *When You Wish Upon a Star…… Makes no difference who you are, anything your heart desires, will come to you!*

Ngwathe se munisipaliteit is deur die staat onder provinsiale regering (weens stoute redes) geplaas en kom ons luister na die laaste vers van Cliff Edwards se liedjie en dalk is die frons nie so diep op die voorkop . . . *Like a bolt out of the blue, fate steps in and sees you through, when you wish upon a star,your dreams come true!*

***Groetnis en lekker boer!***

# Sandersville Combined School brings colour, fun and sport to the community

Sandersville Combined School hosted a fun-filled day on Saturday, 29 August, with a Colour Fun Walk, as well as exciting soccer and netball tournaments.

The day kicked off at 08:00, with learners, parents and community members coming together for a day filled with colour, sport and family fun.

The Colour Fun Walk followed the theme "Four Phases, Four Colours, One Big Family!", with each school phase having its own colourful theme. The Foundation Phase embraced Sunshine & Minions in yellow, the Intermediate Phase went Under the Sea in blue, the Senior Phase became the Superhero Squad in red, while the FET Phase took on Black Knights in black. Those not belonging to a specific phase were invited to join the Orange Crush.

Parents were encouraged to walk alongside their children, adding to the strong family and community spirit of the event.

The sporting activities continued throughout the day, with Sandersville Combined, Sediba Thuto and Kearabetswe among the participating schools. Learners of different ages took part in the soccer and netball tournaments, bringing plenty of competitive spirit and excitement to the fields.

The day also included music, food stalls and a variety of prizes, a variety of awards for the best-dressed family, best-dressed phase, most enthusiastic group and most creative outfit, as well as lucky draws.

Pakworks was the main sponsor of the event, playing an important role in making the day possible and supporting the school's efforts to bring learners, parents and the wider community together. Iceberg Truck Stop, George Roos, Ok Mini Market and Piet Potgieter also sponsored the event. With colourful outfits, enthusiastic supporters and plenty of sporting action, Sandersville Combined School's fun-filled Saturday was a celebration of team spirit, family and community.



















# Biltong aand

## *Manne met 'n Dapper hart vir God*

Kom geniet 'n aand van goeie geselskap en biltong!
Kaartjies - R100
Tafel (10 mense) - R1 000
Tyd: 6:00
Plek: Hoërskool Heilbron skoolsaal.
Koeldrank en koffie sal kontant verkoop word.
Sprekers: Marius Voight & Albert Ferreira
Daar is net 200 kaartjies beskikbaar!
Kontakpersoen: Stiaan 067 596 2491 en Deon 079 695 0950




# Prince appointed as Deputy Principal at Sandersville Combined School

Sandersville Combined School has welcomed Me D. Prince as its newly appointed Deputy Principal.

Prince joins the school's management team in her new position and will take on the responsibilities that come with the role, working alongside the principal, staff and broader school community.

The appointment brings new leadership to the school as Prince takes on this important role in supporting the school's academic and administrative functions.

The Sandersville Combined School community wishes Me Prince well as she begins this new chapter in her career.

# Swanepoel kraai koning op Heilbron se Bokkedag

Heilbron Golfklub het verlede Saterdag sy jaarlikse Bokkedag aangebied en, soos gewoonlik, het dié gewilde geleentheid nie teleurgestel nie.

Stefan Swanepoel het uitstekende golf gespeel en met 'n indrukwekkende 45 individuele punte die eerste plek behaal. Vic de Klerk, 'n besoeker van Pretoria, was tweede met 38 punte.

Verskeie karkasse was ook op die spel en die dag is uitstekend ondersteun deur plaaslike spelers sowel as besoekers van elders.

Môre se golf is 'n Maandbeker-kompetisie, met afslaantye vanaf 11:00. Die kompetisie word saam met die Springbokke se rugbywedstryd aangebied en beloof om 'n gesellige dag by die klub te wees.

Op 18 September word die jaarlikse Boeretreat-gholfdag aangebied. Dié gewilde geleentheid is nóg 'n hoogtepunt op die klub se kalender en volgens aanduidings kan 'n fantastiese vol veld verwag word.

# Gimnaste blink uit in Bultfontein

Heilbron Gimnastiekklub het die naweek behoorlik naam gemaak by die Noord-Vrystaat-kwalifiseringskompetisie in Bultfontein.


Die meisies het Saterdag hul beste voetjie voorgesit en uitstekende resultate behaal. Die kompetisie was die kwalifisering vir die Vrystaat Flip Fest, wat op 12 September in Bloemfontein plaasvind.

Al 18 van Heilbron se gimnaste het daarin geslaag om te kwalifiseer en sal dus volgende week die dorp se naam op provinsiale vlak verteenwoordig. Die klub het 'n indrukwekkende drie goue, 11 silwer- en vier bronsmedaljes ingepalm. Anuchke Mienie het met 'n telling van 35.10 die goue medalje verower, terwyl Gabby Quinta en Marike de Vries elk met 35.05 ook goud ingepalm het.

Die silwermedaljes is deur Wilomé van den Berg (34.95), Lianke Keogh (34.90), Lise Visser (34.90), Lilly Quinta (34.80), Leané Beukes (34.70), Kaylee Stadler (34.60), Lianelle Moyo (34.40), Johanke de Vries (34.35), Carlize Fick (34.25), Nella Slabbert (34.25) en Beuné du Plessis (34.00) verower. Ora van Zyl (33.80), Nika van der Westhuizen (33.50), Sophia Slabbert (33.15) en Lo-Jané van Zyl (33.10) het elk 'n bronsmedalje verower.

Afrigter Kyla Bennink is baie trots op al die meisies en hul harde werk. Die klub se uitstekende vertoning in Bultfontein wys dat Heilbron se jong gimnaste beslis hul merk maak.

Nou wag die groot uitdaging in Bloemfontein, waar al 18 gimnaste op 12 September by die Vrystaat Flip Fest gaan meeding. Heilbron hou duimvas vir die meisies!







Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

Herald

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515

SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 7 SEPTEMBER 2026**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 8 SEPTEMBER 2026**

VREDE Maandelikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

JOZINI Maandelikse veiling
Kontak Sibusiso Gumede 082 070 0134

HERZOGVILLE: MALHERBE & WATERPAS SAVM / SUFFOLKS
11:00, veilingskrale
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

VOLKSRUST: HoËVELD MERINO VELDRAM KLUB VEILING
11:00, Battlefields Lodge
Kontak Billy Lyons 082 785 5498

**WOENSDAG - 9 SEPTEMBER 2026**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

NEWCASTLE/NORMANDIEN Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

DAVEL: MPUMALANGA GAUTENG BEEFMASTER CLUB
11:00, The Bull Ring
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

WINBURG: SELECT BRANGUS BREEDERS
11:00, veilingskrale
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

**DONDERDAG - 10 SEPTEMBER 2026**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

REITZ DISTRIK: DE KOPPEN VLEISMERINO PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Rietkuil
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**VRYDAG - 11 SEPTEMBER 2026**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

ULUNDI Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

FRANKFORT: PREISS & KOCK MERINO
11:00, Gholfklub
Kontak Danie de Wet 082 772 4537

**SATERDAG - 12 SEPTEMBER 2026**

KROONSTAD: NASIONALE HAMPSHIRE DOWN VEILING
11:00, Lechwe Lodge
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHEND,
PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101338 REG NR.: 1998/012435/06
FRANKFORT: 058 813 1071